SON (Kaap)
Thursday, 10 June 2010, p. 2

VEGTERS VIR KINDERS: Nils Heckscher, besturende direkteur van Winchester Mansions, Gugu Ncube, bemarkingsbestuurder van Antrim Villa en Bickley House, Sussane Faussner-Ringer, besturende direkteur van Greenways Hotel (agter), Mariette du Toit-Helmbold en Jennifer Seif onderteken die Kode. **Foto: LEON BONTHUYS**

TOERISME-GROEPE SIGN KODE OOR KIDS

■ **LEON BONTHUYS**

DIE uitbuiting en seksuele misbruik van kinders is van die ergste misdade denkbaar.

Só sê Jennifer Seif, uitvoerende direkteur van Fair Trade in Tourism South Africa.

Seif was gister een van die sprekers oor verantwoordelike toerisme.

Verskeie groepe het 'n kode onderteken om kinders wat seksueel misbruik word, human trafficking, kinderprostitusie en kinderpornografie te beveg.

"Ons in die toerismebedryf kan dit dalk nie stop nie, maar ons kan help om teen die misbruik van kinders in toerisme op te staan. Die misbruik van een kind is te veel.

Wegkyk

"Die World Cup is nou hier, maar ons het nie die kode onderteken net omdat die toernooi hier is en baie besoekers na Suid-Afrika kom nie," sê Seif.

Mariette du Toit-Helmbold, hoof van Kaapstad Toerisme, sê mens kan nie wegkyk van wat aangaan nie.

"Hier is sowat 10 000 kinderprostitute in Kaapstad.

"Hoe verander 'n mens die besoekers se manier van dink? Ons stel dit duidelik dat besoekers welkom is in Suid-Afrika, maar nie as hulle ons kinders wil uitbuit nie."

'n Veldtog, "Let's give the red card to child Exploitation", is ook van stapel gestuur.

Kaartjies sal by hotelle en ander plekke uitgedeel word sodat mense wat met die euwel in aanraking kom, kan bel om dit aan te meld.